

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

LES 13: YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE EN DIE WETENSKAP (DEEL1)

INLEIDING

There is no portion of the commandments of God in general, or of the Mosaic code in particular, that is not based on scientific understanding of fundamental law. The laws of God are enforced and are as sure as the law of gravity.

Elmer A. Josephson.

1. In hierdie les (deel 1 en 2) gaan die fokus op die wetenskap en YHVH se voedselvoorskrifte wees. As voedselwetenskaplike besef ek dat die terrein van voedsel- en voedingswetenskap baie verskillende skole van denke het en derhalwe baie debat uitlok. In hierdie les gaan ek nie probeer om al die verskillende denke, teorieë en bewyse te bespreek nie. Daar sal slegs na sekere basiese voedingsaspekte gekyk word en hoe dit met die Woord van YHVH in verband gebring kan word. Ek glo egter dat wanneer die Woord van YHVH die bevestiging is van die bevindinge van voedselwetenskaplikes en voedingskundiges, dat dit as korrek en betroubare inlging aanvaar kan word.
2. Soos in vorige lesse reeds bespreek is, is YHVH die gewer van alle natuur-, morele (sosiale)- en geestelike wette. Hierdie wette is onveranderbaar, want YHVH het dit van die begin af so geskape en bepaal. Enige mens wat hierdie wette oortree sal die gevolge daarvan dra.
3. YHVH se natuurwette is op wetenskaplike beginsels gefundeer en daarom wetenskaplik bewysbaar. Ons Almal weet dat oortreding van die natuurwette het nadelige gevolge. YHVH se morele (sosiale) en geestelike wette verseker die algemene voorspoed (welsyn van gees, siel en liggaam) en ordelike funksionering van die samelewing. Enige afwyking hiervan het oor die langtermyn ook nadelige uitwerking op die samelewing wat selfs tot uitwissing kan ly, soos ondermeer bewys word deur Sodom en Gemorra.

4. Al YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Sy Torah, is dus soos die wet van swaartekrag, naamlik, dit kan nie verander word nie!! Die rede hoekom dit nie verander kan word nie is omrede YHVH nie verander nie (Mal. 3:6; Heb. 13:8).

Yeshua Messias is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Heb 13:8

Daarom is YHVH se voedselvoorskrifte, en sy onderrig en instruksies in die verband, steeds vandag op die mens van toepassing. Dit het steeds fisiese (liggaamlike), sosiale en geestelike waarde. Dit is vir die mens om te besluit of hy YHVH as sy Skepper gehoorsaam gaan wees of nie. Besluit self, maar wees verseker dat YHVH se wette, Sy Torah, vir ewig is.

5. Talle mense se siektetoestand is weens 'n gebrek aan kennis, spesifiek kennis aangaande YHVH se voedselwette, asook weens ongeloof in YHVH se Woord. Mense leef dikwels in ballingskap weens gebrek aan kennis van die waarheid soos in YHVH se Woord opgeteken is (Jes. 5:13). Ongehoorsaamheid aan YHVH se voedselvoorskrifte kan die mens in ballingskap van siekte plaas. Dit is nie die enigste oorsaak van siekte nie, maar het beslis 'n baie groot bydrae tot verskeie siektes.
6. YHVH se voedselvoorskrifte is op natuurwette gebaseer, maar bevat ook 'n geestelike en morele (sosiale) element. Die geestelike aspek het te doen met gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan YHVH se Woord en die gevolge wat dit op die mens se geestelike- en sielswelsyn het. Terwyl die sosiale aspek van YHVH se voedselvoorskrifte te doen het met die invloed wat die algemene gezondheid van 'n bevolking op 'n samelewing het ten opsigte van ondermeer produktiwiteit en die koste van gesondheidsorg. So byvoorbeeld is die kostes van gesondheidsorg weens ongesonde eetgewoontes van die hoogste in westerse lande.

DIE GESONDSTE MENSE IN DIE WÊRELD.

1. Hoewel die langlewendheid van die mensdom, in veral die eerste wêreld lande, baie meer as eeue gelede is, is dit hoofsaaklik toe te skryf aan goeie gesondheidsorg en nie noodwendig aan gesonde eetgewoontes nie. Dit is ook 'n geskiedkundige feit dat van die gesondste bevolkings was ook die primitiefste. Siektes en vroegtydige sterftes weens 'n swak dieet was seldsaam. Daar was wel ander oorsake en gevare wat hulle langlewendheid beperk het. Ons eie voorgeslagte het selde gesterf van dieet- en lewenstyl verwante siektes! Die rede was dat hulle 'n baie meer gesonde dieet as ons gevolg het en dan ook 'n baie meer aktiewe en gebalanseerde lewenstyl gehandhaaf het.
2. Ons eie voorgeslagte se eetgewoontes was baie nader aan die dieet wat die mense in Bybelse tyd gevolg het. Hulle het baie meer natuurlike en vars voedsel geëet as ons hedendaagse dieet. Dan was hulle prioriteit ook

om te eet om te lewe, terwyl vandag se samelewing se fokus is grootliks om te lewe om te eet. Kos het in vele opsigte 'n afgodstatus aangeneem en die mens het al verder weg beweeg van die Skepper se dieet vir die mens.

3. Peter Rothchild (M.D., Ph.D) skryf die volgende wanneer hy verwys na die Jode se leefwyse van wat hulle eet en hul higiëniese standaarde:

There is abundant historic evidence that reveals that the average Israelite, up to the end of the last century (19th), was much longer lived than the average gentile. We wish to emphasize that we are referring to the Israelites up to the end of the last century, because up to those years, the overwhelming majority of Jews obeyed God's laws by and large.

4. In die lig hiervan kan ons wel die vraag vra: Gee Vader-God nie om vir iets wat ons minstens drie keer per dag doen nie, naamlik eet? Die Skrifte bevat onderrig en instruksies ten opsigte van elke aspek van ons lewe. Dinge soos die huwelik, geld, ons werk, ons kinders, dood, seks en vele meer word bespreek en is daar baie duidelike voorskrifte voor. Hierdie is alles die onderrig en instruksies van 'n liefdevolle Vader! Hoekom glo so baie gelowiges dan dat die Skepper van die mens nie sal omgee wat ons eet nie? Dit is tog net logies en sinvol dat dit wat ons daaglik eet om ons liggame in stand te hou vir YHVH ook belangrik sal wees. Daarom het Hy vir ons voedsel gegee, asook Sy voedselvoorskrifte gegee! YHVH voorsien aan die diere die voedsel wat hulle vir hulle welsyn benodig. Hoeveel te meer gee Hy dan nie vir die mens om nie!

Hy laat gras uitspruit vir die diere en die plante tot diens van die mens: om broodkoring uit die aarde te laat voortkom, Die jong leeus brul om roof en begeer hulle voedsel van God. Daar is die see, groot en alkante toe wyd—daar is 'n gewemel sonder getal, klein diere saam met grotes. Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd. U gee dit aan hulle, hulle tel dit op; U maak u hand oop, hulle word versadig met die goeie.

Ps. 104:14, 21, 25, 27 en 28.

4. Ons lees in Gen 1:29 en Gen. 2:9 waaruit die mens se voedsel reg aan die begin bestaan het:

Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.

En YHVH God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.

5. Dit is maar eers in onlangse jare wat die wetenskap bevestig het dat een van die belangrikste redes vir talle siektes by die mens, veral in 'n tipiese westerse dieet, die ernstige tekort aan genoegsame hoeveelhede vars vrugte en groente is. Voeding- en dieetkundiges is dit eens dat alle mense minstens 5 tot 6 porsies van vars vrugte en groente daaglik moet inneem. Terwyl 'n peuselhappy ("snack") van neut tussen maaltye aanbeveel word. Dit het die wetenskap eue geneem om tot hierdie kennis te kom, terwyl die Woord van YHVH deur al die eue dit reeds aan die mens voorskryf.
6. Die gesondheidsvoordele van vars vrugte en groente word gesien in die lewe van Daniël en sy vriende. Hulle wou hulle nie verontreinig met die spys en drank uit die koning se paleis nie en het daarom gevra dat hulle die "proefkonyne" in 'n voedingseksperiment moet wees. Vir tien dae het hulle slegs groente geëet en water gedrink *en aan die einde van tien dae het hulle voorkoms beter en hulle voller van vlees gelyk as al die jong seuns wat die spys van die koning geëet het (Dan. 1:15)*. Hoewel die Skrifte nie duidelik uitspraak gee nie, het die kos uit die koning se paleis waarskynlik onrein diere ingesluit en daarom wou Daniël hom nie met sulke voedsel verontreinig nie.
7. Onmiddelik kan ons dan vra: Is 'n vegetariese dieet dan nie wat ons almal behoort te volg nie? Dit was tog die eerste dieet wat aan die mens voorgeskryf was? Waarom het YHVH later, na die sondvloed, sekere diere as voedsel tot die Genesis-dieet toegevoeg? Oor hierdie vrae kan daar baie debat gevoer word. Kom ons probeer die antwoorde eenvoudig hou.
8. 'n Vegetariese dieet kan in al die mens se voedingsbehoefte voorsien hoewel dit in ons moderne samelewing goeie beplanning en 'n redelike mate van kennis van die voedingswaarde van groente, vrugte en neut vereis om te verseker dat die regte hoeveelheid voedingstowwe in die regte verhouding daaglik ingeneem word. Dit is veral die daaglikse inname van genoegsame proteïen, en met die regte aminosuursamestelling, wat met 'n suiwer vegetariese dieet moeilik haalbaar is. Daarom sal sommige 'n vegetariese dieet volg wat hulle aanvul met suiwel en eiers wat goeie bronne van proteïen is.
9. In die verband moet ons egter ook onthou dat ons nie kennis het van die plantspesies wat in die tuin van Eden en tot en met die sondvloed bestaan het nie. Die moontlikheid bestaan wel dat die verskeidenheid en tipe plantspesies wat bestaan het vir die mens 'n gebalanseerde dieet kon voorsien het. Waarskynlik was daar meer plantspesies, soos die bekende sojaboon, met hoë proteïeninhoud.
10. Volgens sommige kan ons ook aanvaar dat daar na die sondvloed 'n verandering in die plantspesies samestelling van die aarde plaasgevind het. Is dit nie moontlik die rede hoekom YHVH die eet van sekere diere tot die mens se dieet toegevoeg het nie? Was die doel nie dalk om

spesifiek 'n proteïen tekort in die mens se dieet deur die eet van sekere soorte vleis aan te vul nie?

11. Die belangrikste voedingswaarde van vleis is die feit dat dit 'n goeie bron van proteïen en sekere essentiële vetsure is. Hoewel dit ook 'n verskeidenheid van ander voedingselemente bevat, is dit veral die proteïen, wat bekend staan as die boustene van lewe, wat vir die mens uiters belangrik is. Vleis (vis) van rein diere moet gesien word as 'n aanvulling tot die mens se basiese dieet van vars vrugte, groente en neute. Dit behoort nooit die hoofbestanddeel van 'n spyskaart te wees nie.
12. Nou is die vraag: Hoekom het YHWH dan sekere diere as rein en ander as onrein verklaar? Kan ons op wetenskaplike wyse YHWH se besluit (beslissing) verklaar? Hierdie vraag sal in deel 2 van Les 13 beantwoord word.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Gehoorzaamheid aan Torah is 'n leefwyse van dissipline. Dit leer ons om die begeerlikhede van die oë (ons sintuie), die begeerlikhede van die vlees (drange van die liggaam en siel) en lewenstrots (die eie-ek) te beheer deurdat ons volgens die Gees lewe, want ons ou natuur het gesterf. Ons is nie meer onder die wet van sonde, oordeel en dood nie, maar onder die wet van genade en lewe! Ons is in Yeshua Messias 'n nuwe skepsel!

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.